

JESUS SE GEBED



En
Die Bediening van
Intersessie

Amanda Buys se Geestelike Dekking

Hierdie is 'n produk deur *Kanaän Bedieninge*, 'n nie-winsgewende bediening onder die dekking van:

- Roly, haar eggenoot vir meer as 35 jaar.
- *River of Life Family Church*
Pastoor Edward Gibbens
Vanderbijlpark
Suid-Afrika
Tel: +27 16 982 3022
Faks: +27 16 982 2566
E-pos: sharmain@rolfc.co.za

Daar is geen kopiereg op hierdie materiaal nie. Geen gedeelte van hierdie materiaal mag egter gereproduseer en/of aangebied word vir **persoonlike** gewin nie. Alle regte van hierdie materiaal word voorbehou om die Koninkryk van die Here Jesus Christus **ALLEENLIK** te bevorder.

Vir verdere inligting of die plaas van 'n bestelling, kontak ons asb. by:

Posbus 15253
Panorama
7506
Kaapstad
Suid-Afrika

John Vorsterrylaan 27
Plattekloof Uitbr. 1
Panorama 7500
Kaapstad
Suid-Afrika

Tel.: +27 (0) 21 930 7577
Faks: 086 681 9458
E-pos: kanaan@iafrica.com
Webblad: www.kanaanministries.org
Kantoorure: Maandae tot Vrydae, 9 VM – 3 NM

Kanaan In Europa

Webblad: www.eu.kanaanministries.org

INHOUDSOPGAWE

Inleiding	4
Hoofstuk 1	
JESUS SE GEBED	4
1. Betree Sy Teenwoordigheid	7
2. Die Behoefte aan Danksegging, Lofprysing en Aanbidding	7
3. Intersessie Gebede	9
4. Persoonlike Gebede – Petisies	11
5. Gebed van Belydenis en Inkeer	12
6. Die Behoefte aan 'n Sterk Smeekbede	14
7. Eindig Gebede met Danksegging en Lofprysing	15
8. Om te vas, help ons Gebede	17
Hoofstuk 2	
DIE BEHOEFTE AAN GEBED EN BEGINSELS VIR EFFEKTIEWE INTERSESSIE	23
1. Die Bediening van Intersessie	24
2. Bou Lewens-sirkels	28
3. Dienende Liefde	28
4. Bestanddele van Effektiewe Intersessie	29

JESUS SE GEBED EN DIE BEDIENING VAN INTERSESSIE

INLEIDING:

Hierdie lering is 'n voortsetting van Gebeds Altare. Noudat ons die beginsels ken van Gebeds Altare en hoe dit werk, moet ons prakties leer hoe om by hierdie Altare te bid, wat die Wette van Gebed is, en hoe om dit toe te pas op ons lewens, in Jesus Naam.

Ons moet ook leer hoe om in te tree vir die verlore nes en 'n sterwende wêreld, hoe om 'n verskil te maak in dié deel van die wêreld waar God ons geplaas het om in te lewe, sodat Sy Koninkryk kan kom en Sy wil volbring kan word, in en deur ons lewens in Jesus Naam.

Hoofstuk 1 JESUS SE GEBED.

Lukas 11:2 “*Wanneer julle bid, sê: Onse Vader....*”

“*Onse Vader*”

In gebed kom jy na God as Sy kind. Jy hoef nie te wag dat 'n engel jou eers aankondig nie. Jy hoef nie te probeer om jouself eers meer aanvaarbaar te maak nie. Jy hoef nie eers vooraf sorgvuldig te beplan wat jy gaan sê nie. Jy kom net soos jy is, maak jou hart oop en vertel Hom hoe jy voel en wat jy begeer. Daar is geen posisie waarin jy hoef te wees wat meer heilig as 'n ander is nie.

Jy is God se kind, en Hy is gretig en gewillig om jou te sien! Dus, weg is jy na die Troon van Genade, liewe kind van God, jou Vader wag vir jou!



Mattheus 6:1-19 – “*PAS op dat julle nie jul liefdadigheid voor die mense bewys om deur hulle gesien te word nie; anders het julle geen loon by julle Vader wat in die hemele is nie.*

²*Wanneer jy dan liefdadigheid bewys, moenie 'n trompet voor jou blaas soos die geveinsdes in die sinagoges en op die strate doen, dat hulle deur die mense geëer kan word nie. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg.*

³*Maar jy, as jy liefdadigheid bewys, laat jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie,*

⁴*sodat jou liefdadigheid in die verborgene kan wees; en jou Vader wat in die verborgene sien, Hy sal jou in die openbaar vergelde.*

⁵En **wanneer jy bid**, moet jy nie wees soos die geveinsdes nie; want hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die hoeke van die strate te staan en bid, om deur die mense gesien te word. Voorwaar Ek sê vir julle dat hulle hul loon weg het.

⁶Maar jy, **wanneer jy bid**, gaan in jou binnekamer, **sluit jou deur** en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die **openbaar vergelde**.

⁷En **as julle bid**, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word.

⁸Moet dan nie soos hulle word nie, want jul Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra.

⁹**Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;**

¹⁰**laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;**

¹¹**gee ons vandag ons daaglikse brood;**

¹²**en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;**

¹³**en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlijkheid tot in ewigheid. Amen.**

¹⁴Want **as** julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe.

¹⁵Maar **as** julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.

¹⁶En **wanneer julle vas**, moenie lang gesigte trek soos die geveinsdes nie; want hulle mismaak hul gesigte, sodat dit deur die mense gesien kan word dat hulle vas. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg.

¹⁷Maar jy, **as jy vas, salf jou hoof en was jou gesig,**

¹⁸sodat jy nie die mense laat sien dat jy vas nie, maar jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar **vergelde**.

Bergpredikasie (vervolg). Die skat in die hemel. Die gesonde oog. Die twee here. Die kwekking oor die lewe.


¹⁹MOENIE vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie;”

1. **“As jy liefdadigheid bewys”**

Die gee van aalmoese is veronderstel om die lewe van 'n gelowige te kenmerk

Dit moet geskied vanuit 'n goeie hart en nie 'n trotse hart nie, ook nie uit 'n hart wat erkenning verlang nie. Wanneer jy aalmoese gee, moet jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie. Doen dit in privaatheid, uit 'n hart vol meegevoel wat die goedheid van God in jou lewe waardeer.

Die Bybel sê dat jou Vader wat in die verborgene sien, jou in die openbaar sal vergelde. Daar is 'n **BOEK VAN AALMOESE** waar God sorgvuldig aanteken elke keer as jy vanuit 'n dankbare hart gee, sodat Hy jou op daardie dag kan beloon.




Spr. 19:17 – “¹⁷Wie hom ontferm oor die arme, leen aan die HERE; en Hy sal hom sy weldaad vergelde.”

2. **“Wanneer jy bid**”

Vir die kind van God is dit ‘n opdrag om te bid. Gebed vir ‘n geestelike mens is soos asemhaling vir die natuurlike mens. Jy kan nie oorleef sonder gebed nie, dit is jou **geestelike suurstof**. In die plek van gebed, asem jy die Lewe, die Krag, die Vermoë van God in en jou gees word vernuwe.

Indien jy wil oorleef, moet jy bid, dit is nie ‘n opsie nie!



Matt. 26:41 – “⁴¹Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.”

Indien jy nie bid nie, stel jy jousef bloot aan die duiwel as prooi.

3. **“Moenie ‘n trompet blaas soos die geveinsdes nie.....”**

Die punt wat Jesus hier maak, gaan oor die **motief van die hart**. Jou motief kan jou gebede diskwalifiseer, kwalifiseer of korrupteer. Indien jy bid sodat mense jou moet prys of om deur hulle gesien te word, het jy klaar jou beloning weg.



Dus: daar is ‘n **beloning** vir gebed, omdat God ‘n Beloner is van diegene wat Hom ernstig soek! Die kind van God wat van gebed ‘n instelling maak, wie ‘n altaar het en met sy Vader praat op gereelde basis, sal beloon word! Daar is ‘n **BOEK VAN GEBEDE** waar noukeurig rekord gehou word van al jou gebede sodat God jou op daardie dag kan beloon.

Elke kind van God moet bid met die doel en vooruitsig om **resultate** en seëninge te ontvang van die Almagtige God, anders is jy ‘n geveinsde en soos die Fariseërs wat bloot bid-praat as deel van hul godsdienstige plig.

God sê dat gebed veronderstel is om **doelbewus, opreg, gefokus geteiken** en gerig te wees om resultate te verkry.



LET WEL: Die Here het gesê: **“Wanneer julle bid”, nie “as julle bid” nie.** Gebed moet **voortdurend en dringend** wees.

God is ‘n God wat nie slegs gebede in die openbaar aanhoor nie, maar Hy hoor ook **gebede wat in die geheim** gebid word, en Hy **beloon vurige en aanhoudende gebede**.

4. “...gaan in jou binnekamer...”

Gebed beteken dat jy op die Here moet **fokus** sonder onderbreking. Daar moenie dwalende gedagtes, ens. wees nie. Gebed is ‘n hart wat ingeprop is by God, omdat **gebed ‘n saak van die hart is**.



1. GAAN SY TEENWOORDIGHEID BINNE.

Matt. 6:9 – “So moet julle dan bid”

Hier gee Jesus ‘n riglyn vir gebed. Hy weet wat die Vader behaag.

“Onse Vader wat in die Hemel is”

Jesus laat ons verstaan dat voor iemand suksesvol kan bid, daar eers ‘n **verhouding** moet bestaan tussen hom en God – deur redding. “Onse Vader, My Vader”. God het aan jou die reg tot seunskap gegee. God is slegs ‘n Vader vir die persoon wie weergebore is, gekoop met die Bloed van die Lam.

2. DIE BEHOEFTE AAN DANKSEGGING, LOFPRYGING & AANBIDDING.

“Laat U Naam geheilig word” is ‘n taal van lofprijsing en danksegging.

Geheilig beteken heerlikheid, eer, aanbidding, lofprijsing.

Ons kan nie net binnestorm in die teenwoordigheid van God met ons versoeke nie, selfs al is Hy ons Vader.

GEBED:

Ons Vader wat in die Hemel is, laat U Naam geheilig word.

Seën die Here, o my siel; en alles wat in my is, seën U Heilige Naam. Ek eer U en bring U my aanbidding en liefde op hierdie dag.

Ek seën U Naam, **Elohim**, die Skepper van Hemel en aarde, U wat van die begin af daar was. Dit is U wat my gemaak het, en U het my gekroon met heerlikheid en eer. U is die God van Mag en Sterkte. Geheilig is U Naam!

Ek seën U Naam, **El Shaddai**, die God Almagtige van seëninge. U is die Veelborstige Een Wie versadig en voorsien. U is Oorvloedig en Voldoende. Geheilig is U Naam!

Ek seën U Naam, **Adonai**, my Here en my Meester. U is Jehova – die Algehele Self-Bestaande Een, altyd teenwoordig, openbaar in Jesus, Wie dieselfde is gister, vandag en vir ewig. Geheilig is U Naam!

Ek seën U Naam, **Jehova Jira**, die Een Wie my behoeftes raaksien en daarin voorsien. Geheilich is U Naam!

Ek seën U Naam, **Jehova Rapha**, my Geneser en die Een Wie bitter ervarings soet maak. U het U Woord gestuur en my genees. U het al my ongeregtighede vergewe en U het al my siektes genees. Geheilich is U Naam!

Ek seën U Naam, **Jehova M'Kaddesh**, die Here, my Heiligmaker. U het my afgesonder vir Uself. Geheilich is U Naam!

Jehova Nissi, U is my Oorwinning, my Banier en my Standaard. U banier oor my is liefde. Wanneer die vyand inkom sal U 'n standaard soos 'n vloed teen hom oprig. Geheilich is U Naam!

Jehova Shalom, ek seën U Naam. U is my Vrede – die vrede wat alle verstand te bowe gaan, wat my hart en sinne bewaar in Christus Jesus. Geheilich is U Naam!

Ek seën U, **Jehova Tsidkenu**, my Geregtigheid. Dankie dat U sonde geword het vir my, sodat ek die geregtigheid van God in Christus Jesus kon word. Geheilich is U Naam!

Jehova Rohi, U is my Herder en ek sal geen gebrek ly aan enige goeie of voordelige ding nie. Geheilich is U Naam!

Halleluja aan **Jehova Shammah**, die Een wat my nooit sal verlaat of in die steek laat nie. U is altyd daar. Ek is gerus en bemoedig en kan met vrymoedigheid sê, “Die Here is my Helper, ek sal nie verskrik word nie – ek sal nie vrees of beangs of verskrik wees nie. Wat kan 'n mens aan my doen? Geheilich is U Naam!

Ek aanbid en eer U, **EI Elyon**, die Allerhoogste God, Wie die Eerste van alle dinge was, die Besitter van die Hemele en die aarde. U is die Ewigdurende God, die Groot God, die Lewende God, die Genadige God, die Getroue God, die Magtige God. U is Waarheid, Reg, Geregtigheid en Volmaaktheid. U is **EI Elyon** – die Hoogste Soewereine van die Hemele en die aarde. Geheilich is U Naam!

Vader, U het U Naam en U Woord bo alles verhoog, en U het U Woord vergroot bo U Naam! Die Woord het vlees geword en tussen ons kom woon, en Sy Naam is Jesus! Geheilich is U Naam!

Ek bid dit in Jesus Naam,

AMEN.

Skrifverwysings:

Mat. 6:9; Ps. 103:1; Gen. 1:1,2; Ps. 8:5; Gen. 49:24,25; Gen. 15:1,2,8; Heb. 13:8; Gen. 22:14; Hoogl. 2:4; Jes. 59:19; Rig. 6:24; Fil. 4:7; Jer. 23:5,6; 2 Kor. 5:21; Ps. 23:1; Ps. 34:10; Ps. 147:3; Eks. 15:23-26; Ps. 107:20; Ps. 103:3; Lev. 20:7,8; Eks. 17:15; Eseg. 48:35; Heb. 13:5; Heb. 13:6; Gen. 14:19,22; Ps. 91:1; Ps. 138:2; Joh. 1:14.

Ps. 100:1-4 *"Juig voor die HERE, o ganse aarde!*

²*Dien die HERE met blydschap; kom voor sy aangesig met gejubel.*

³*Erken dat die HERE God is: Hy het ons gemaak, en ons is syne, sy volk en die skape van sy weide.*

⁴***Gaan sy poorte in met lof, sy voorhowe met lofgesang; loof Hom, prys sy Naam.***"

Gaan Sy poorte binne met danksegging, verheerlik die Here.

Psalm 95:1-2 *"KOM, laat ons jubel tot eer van die HERE, laat ons juig ter ere van die rots van ons heil!*

²***Laat ons sy aangesig tegemoetgaan met lof, met lofsange Hom toejuig!"***

3. INTERSESSIE GEBEDE.

Mat. 6:10 - ***"Laat U Koninkryk kom en U wil geskied op die aarde, soos in die Hemel"***.

Dit is die tweede vlak van gebed, genoem die **gebed van interseisie**. Ons tree nou in dat die Koninkryk van God moet vergroot word, dat die heerlikheid van God die aarde sal bedek en baie mense in die Koninkryk ingebring sal word.

Interseisie beteken om die las en die behoefte van God op onself te neem.

Om te bid vir die bevordering van die Koninkryk van God, dat die kennis van die heerlikheid van God die aarde sal bedek soos wat die waters die see bedek.

Interseisie beteken om **in die gaping te staan** vir die redding van sondaars, en vir die bevryding van die wêreld, sodat ander kan sien wat jy sien en geniet wat jy geniet en in die Lig van God kan kom.

Interseisie is 'n gebed wat verby jouself strek.

Baie keer mis ons God omdat ons nie die **goddelike "protokol"** van gebed verstaan nie.

Ons begin ons gebede deur te sê, *"Here, seën my gesin. Here voorsien my behoeftes. Here, ek benodig 'n verhoging. Here, gee my dit, gee my dat"*

Die behoeftes van die Koninkryk van God is nommer een prioriteit!

Mat. 6:31 – ³¹“Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons **eet**, of wat sal ons **drink**, of wat sal ons **aantrek** nie?”

Moenie jouself kwel oor wat jy sal eet, drink of aantrek nie. Soek eers die Koninkryk van God en die uitbreiding van daardie Koninkryk.

Mat. 6:33 - ³³“Maar **soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid**, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.”

Dus, elke kind van God behoort te leer hoe om interessie te doen, hoe om na die Here te roep om sondaars te red en die onderdrukte vry te maak. Leer om na die Here te roep sodat die Koninkryk van God uitgebrei kan word. Bid dat die pastore in kerke die salwing sal hê om te preek, dat kerke kan groei, dat God se Koninkryk kan kom, bid vir straatbedienings, tronkbedienings, ens. Onthou, Jesus het gesê:

Mat. 9:37-38 – ³⁷“Toe sê Hy vir sy dissipels: Die oes is wel groot, maar **die arbeiders min**.
³⁸**Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur.**”

Wanneer jy die behoeftes van die Koninkryk eerste plaas, volg jy die WET VAN GEBEDE en bid dan ook effektief.

GEBED:

Vader, in Jesus Naam bid ek volgens **Mat. 6:10**, “**Dat U Koninkryk mag kom**”. Ek sien uit na die spoedige koms van ons Here en Redder, Jesus Christus.

Ek dank U, Vader, dat die Here sal kom (na die aarde) en al die Heiliges (heiliges en engele) saam met Hom; en die Here sal Koning wees oor die hele aarde; In daardie dag sal Hy Een Here wees, en Sy Naam Een. Die heerskappy sal op Sy skouer wees.

Vader, ek dank U dat ons by die baie stemme in die Hemel sal aansluit en sê, “Die koninkryke van hierdie wêreld het die Koninkryke van ons Here en van Sy Christus geword; en Hy sal vir ewig en ewig regeer.”

U s'n, o Here, is die grootheid en mag en die heerlikheid en die oorwinning en die majesteit; want alles wat in die Hemele en op die aarde is, is U s'n; Aan U behoort die Koninkryk, o Here; en U word verhoog as Hoof oor alles. U Koninkryk kom. Hallelujah! AMEN.

LAAT U WIL GESKIED

Vader, in die Naam van Jesus bid ek dat die wil van God in my lewe sal geskied soos in die Hemel. Ek is U [eie] handewerk, herskep in Christus Jesus, [nuutgebore], sodat ek die goeie werke kan doen wat U vir my voorbeplan het, (loop in paaie wat U voor die tyd beplan het) dat ek daarin kan wandel – en die goeie lewe kan leef wat U vooraf gereël en vir my gereed gemaak het om in te leef.

Leer my om U wil te doen, want U is my God; laat U goeie Gees my lei in 'n gelyke land en in die land van geregtigheid. Jesus, U het Uself gegee (oorgegee) tot [versoening] van my sondes (en om my te red en te heilig), ten einde my te red en vry te maak van hierdie teenwoordige, bouse geslag en wêreld-orde, in ooreenstemming met die wil en doel en plan van ons God en Vader.

In die Naam van Jesus is ek nie gevorm volgens hierdie wêreld nie, maar ek word verander deur die vernuwing van my verstand, dat ek kan wys wat die goeie en aanvaarbare en volmaakte wil van God is.


Want dit is die wil van God: dat ek toegewy sal wees – afgesonder en eenkant geplaas vir 'n rein en heilige lewe; dat ek my sal weerhou van alle seksuele losbandigheid; dat ek sal weet hoe om my eie liggaam te beheer [kontroleer, bestuur] (in reinheid, afgesonder van sondige dinge) en in toewyding en eer, nie [om gebruik te word] in die

4. PERSOONLIKE GEBEDE – PETISIES.

“Gee ons ons daaglikse brood”

Dit is 'n petisie gebed. Dit is waar jou persoonlike behoeftes, jou gesinsbehoefte, jou kinders se behoeftes, ens., inkom.

Dit is die derde vlak van gebed. God sluit selfsug uit van die plek van gebed. Hy handel met selfgesentreerdheid. Soos jy leer om eers vir ander te bid, sê God, sal selfs die dinge waarvoor jy nie vra nie, ook aan jou gegee word!!



GEBED:

In die Naam van Jesus bely ek saam met die Psalmis Dawid, dat ek nog nooit die regverdige verlate gesien het nie, en ook nie dat sy kinders vir kos hoef te bedel nie.

Vader, dankie vir voedsel, klere en skuiling. In die Naam van Jesus weier ek om gedurig ongemaklik te voel (angstig en bekommerd) oor my lewe, oor wat ek sal eet en wat ek sal drink, of oor my liggaam, wat ek sal aantrek. My lewe is groter [in kwaliteit] as voedsel, en die liggaam [ver bo en groter] as klere.

Die brood van ydelheid [skinder, onvergenoegdheid en selfbejammering] sal ek nie eet nie. Dit is U, Vader, Wie ryklik sal voorsien (tot oorloeps toe) in al my behoeftes volgens U rykdom in heerlijkheid in Christus Jesus.

In die Naam van Jesus sal ek nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat uit die Mond van God kom. U Woorde is gevind en ek het dit geëet, en U Woord was vir my 'n vreugde en die lofprysing van my hart.

Die Woord het vlees geword en tussen ons kom woon. Jesus, U is die Brood van die Lewe wat aan my lewe gee, die Lewende Brood.

Dankie Vader, in die Naam van Jesus, vir geestelike brood – manna uit die Hemel.
AMEN.

Skrifverwysings:

Mat. 6:9-11; Mat. 4:4; Ps. 37:25; Jer. 15:16; Mat. 6:25; Joh. 1:14; Spr. 31:27; Joh. 6:48-51; Fil. 4:19

5. GEBED VAN BELYDENIS EN BEROU.

Mat. 6:12 – *“¹²en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;”*

Dit is 'n **voorwaarde** vir gebede. Nalating om hierdie voorwaarde na te kom, kan jou gebede blokkeer.

Mat. 6:14-15 – *“¹⁴Want as julle die **mense hulle oortredinge vergewe**, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe.
¹⁵Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.”*

Dit is een groot struikelblok wat baie mense verhoed om antwoorde te kry. Wanneer hulle bid, vervul hulle al die ander wette, maar hulle mis dit omdat hulle nie 'n **belydende hart en vergifnis** het nie.

1 Joh. 3:15 – *“¹⁵Elkeen wat sy broeder haat, is ’n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie.”*

Indien jy haat in jou hart het, sal daardie gebede God nie bereik nie. Jy mislei jouself. Jou hart moet oop en vry wees teenoor almal; dan sal jy die gemeenskap kan geniet om tot God te bid.

Voorbeeld: Gelowige eggenote en hul vrouens slaap in dieselfde kamer sonder om met mekaar te praat. Hulle bid en spreek in tale en lyk baie geestelik! Hulle dink God gaan hul gebede beantwoord; HY GAAN NIE!

VERGIFNIS IS ’N KRITERIA OM JOU GEBEDE BEANTWOORD TE KRY!

Jy moet op voortdurende basis vergewe sodat jou gebede nie verhinder kan word nie.

GEBED:

Vader, ek vergewe almal wat teen my oortree het, sodat U ook my oortredinge kan vergewe. [Noudat ek die Heilige Gees ontvang het en deur Hom gelei en gerig word], as ek ander hul sondes vergewe het, is hulle vergewe; as ek hulle nie vergewe nie, kan hulle nie vergewe word nie.

Vader, U Woord sê, *“Jy moet jou vyande liefhê en bid vir hulle wat jou vervolg”*.
(Mat. 5:44).

Ek kom voor U in Jesus Naam om _____ voor U op te lig. Ek spreek seëninge oor hom/haar uit en bid vir sy/haar voorspoed. Ek vra ook U seëninge (guns) op hom/haar.

Vader, nie slegs bid ek vir _____ nie, maar ek rig myself om hom/haar goed te behandel (goed te doen aan, edel op te tree teenoor hom/haar). Ek sal genadig, simpatiek, teer, vatbaar en medelydend teenoor _____ wees, soos U o Vader.

My begeerte is om ’n afbeelding van U te wees, en ek kan alles doen deur Christus Jesus Wie my krag gee.

Vader, ek dank U dat ek groot vrede het in hierdie situasie, want ek het U wet lief en weier om aanstoot te neem teenoor _____.

Jesus, ek is geseënd – gelukkig [met lewe – vreugde en tevredenheid in God se guns en redding ten spyte van sigbare omstandighede] en benydenswaardig – omdat ek geen aanstoot neem in U nie, en weier om seergemaak of gegriefd of ontsteld of afgeweer of te struikel, [wat ookal mag plaasvind].

En nou, Vader, skuif ek hierdie werk oor op U – ek vertrou dit geheel aan U toe; en ek glo dat U sal sorg dat my gedagtes in ooreenstemming kom met U wil, en so sal my planne bevestig word en slaag.

In Jesus Naam,
AMEN.

Skrifverwysings:

Mat. 6:12; Mat. 6:14,15; Joh. 20:23; Luk. 6:27; Mat. 5:44; Luk. 6:28; Efes. 5:1; Fil. 4:13; Ps. 119:165; Luk. 7:23; Spr. 16:3

6. DIE BEHOEFTE AAN 'N STERK PLEIDOOI – SMEEKBEDE

Mat. 6:13 – “... en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose”.

Dit is 'n smeekgebed. Hierdie tipe van gebed moet meer gebid word as dié een waar jou behoeftes opgedra word.

Jy moet bid dat jy 'n oorwinningslewe sal lei, en 'n triomferende Christen sal wees, wat bokant sonde lewe.

Hierdie gebed is een van 'n sterk pleidooi. 'n Gebed wat jou voor die Here sal laat huil, sodat woede, afguns en jaloesie jou lewe kan verlaat.

Hierdie is nie 'n eenmalige gebed nie. Dit moet 'n **“gewelddadige” gebed** met 'n sterk pleidooi wees, somtyds met **trane** voor die Here, omdat jy nie hou van die negatiewe karaktertrekke en manifestasies wat jy in jou lewe sien nie.

Miskien is dit bevryding van **wellus en bose gedagtes**. Jy sê nie bloot, “Here, neem hierdie goed van my weg in Jesus Naam” nie.

Jy moet vas, mediteer en die Woord van God herhaaldelik en gedurig bely, sodat sonde nie oor jou heers nie. Dit is die smeekbede.



Die verskil tussen smeekbede en petisie:

- **Petisie** is die rig van 'n versoek vir jou alledaagse behoeftes
- **Smeekbede** beteken **smeek, pleit, versoek, deurdringende pleitrede met iemand vir genade en medelye.**

GEBED:

Geen versoeking het my te beurt geval wat nie bekend is by die mens nie. Maar God is getrou, Wie nie sal toelaat dat ek bo my kragte versoek word nie; maar saam met die versoeking sal Hy ook vir my 'n uitkoms bied, sodat ek in staat sal wees om dit te verdra.

Ek reken dit alles vreugde wanneer ek in verskillende versoekings val; ek weet dat die beproewing van my geloof geduld in die hand werk.

Ek sal nie sê wanneer ek versoek word, dat dit God is wat my versoek nie; want God kan nie versoek word deur boosheid nie, en Self Hy versoek niemand nie.

Dankie Jesus, dat U Uself gegee het vir my sondes, dat U my kan bevry van hierdie bese wêreld, volgens die wil van God en ons Vader: aan Hom die heerlikheid vir ewig en ewig.

Vader, in die Naam van Jesus en volgens die mag wat in my aan die werk is, sal ek waaksaam bly (stiptelik aandag gee, versigtig wees) en bid dat ek nie in die versoeking kom nie.

In Jesus Naam,
AMEN.

Skrifverwysings:

1 Kor. 10:13; Jak. 1:2,3,13; Gal. 4:5; Efes. 3:20; Mat. 26:41

7. EINDIG GEBEDE MET DANKSEGGING EN LOFPRYGING.

Mat. 6:13 – “Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.”

Jy begin met lofprysing en jy eindig met lofprysing. Gee lof, verheerlik en verhoog die Here, en glo in jou hart dat God jou gebede beantwoord het!

Mark. 11:24 - ²⁴“Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.”

As jy glo dat jy die petisie ontvang het wat jy van die Here begeer, en in jou hart is jy oortuig dat jou gebede die Ore van die Almagtige bereik het, is die volgende stap om die Here te dank asof daardie ding, prakties gesproke, reeds in jou hande is.

Daarom, om danksegging te gee aan die einde van jou gebede, is 'n manifestasie van **geloof** en **vertroue** in die Almagtige tot Wie jy gebid het.

Deur Hom te dank vir die antwoorde wat jy alreeds ontvang het in die geestelike realm terwyl jy gebid het, sal jy vinnige antwoorde op jou gebede ontvang.

GEBED:

O verhoog en vergroot die Here saam met my, en laat ons Sy Naam tesame verhoog.

Wat God betref, Sy weg is volmaak! Die Woord van die Here is getoets en beproef; Hy is 'n skild vir almal wat hul skuiling in Hom soek en hul vertrouwe in Hom plaas.

Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart vir U aanvaarbaar wees, o Here, my sterk, ondeurdringbare Rots en Verlosser.

U Woord het my verkwik en aan my lewe gegee.

Vir ewig, o Here, is U Woord gevestig in die Hemel.

U Woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig in my pad.

Die somtotaal van U Woord is waarheid en elkeen van U regverdigde verklarings duur vir ewig.

Ek sal aanbid tot U heilige tempel en U Naam prys vir U liefdevolle goedheid en U waarheid en getrouheid; want U het U Naam en U Woord bo alles verhoog en U Woord verhoog bo U Naam!

Laat my gebed voor U kom as reukoffer, die op lig van my hande as die aand-offer. Plaas 'n wag, o Here, voor my mond; hou wag by die deur van my lippe.

Hy wie 'n lof-offer en danksegging bring, eer en verheerlik My; en hy wie sy weg in die regte rigting wandel – wie die weg voorberei wat Ek hom wys – aan hom sal ek die redding van God demonstreer.

My mond sal gevul wees met U lofprysing en eer die hele dag lank.

Omdat U liefdevolle goedheid beter is as lewe, sal my lippe U prys. So sal ek U seën solank ek lewe; ek lig my hande omhoog in U Naam.

U getuienisse is my vreugde en my beraders.


In Jesus Naam bid ek,
AMEN.

Skrifverwysings:

Ps. 34:3; Ps. 18:30; Ps. 19:14; Ps. 119:50; Ps. 119:89; Ps. 119:105; Ps. 119:160; Ps. 138:2; Ps. 141:2,3; Ps. 50:23; Ps. 71:8; Ps. 63:3,4; Ps. 119:24

8. OM TE VAS HELP ONS GEBEDE.

Mat. 6:16 - “¹⁶En **wanneer julle vas**, moenie lang gesigte trek soos die geveinsdes nie; want hulle mismaak hul gesigte, sodat dit deur die mense gesien kan word dat hulle vas. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg.”



Om te vas is ook nie opsioneel nie!
Die Here verwag van die gelowige om te vas.
Vas is 'n instrument om die Here te soek.

Jes. 58:1-5 “**ROEP** uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes.

²Wel soek hulle My dag vir dag en het 'n behae in die kennis van my weë! Soos 'n nasie wat geregtigheid doen en die reg van sy God nie verlaat nie, vra hulle My na die regverdige verordeninge; hulle het 'n behae in die toenadering tot God.

³**Waarom vas ons**, en U sien dit nie? **Waarom kwel ons ons siel**, en U weet dit nie?—Kyk, op die dag as julle vas, soek julle geleentheid om sake te doen, en julle jaag al jul arbeiders aan.

⁴Kyk, **om te twis en te kyf**, vas julle, en **om te slaan met misdadige vuis**; julle vas nie nou om julle stem in die hoogte te laat hoor nie.

⁵**Is dít die vas wat Ek verkies**, die dag as die mens sy **siel gaan kwel**: dat hy sy hoof buig soos 'n biesie en sak en as uitsprei om sy bed te wees? Noem jy dit vas en 'n dag wat die **HERE** welgevallig is?”

Die eerste voorsorg wat getref moet word, is dat jou **hart** reg moet wees teenoor God. Om jou van voedsel te weerhou, is nie genoeg nie. Vas is nie 'n toor-toertjie om die Hand van God te beweeg nie.

Onaanvaarbare Vas.

Sag. 7:1-3 “**EN** in die vierde jaar van koning Darius het die woord van die **HERE** tot Sagaría gekom, op die vierde dag van die negende maand, in die maand Kislew.

²Bet-el het toe Saréser en Regem-Meleg met sy manne gestuur om die aangesig van die **HERE** om genade te smeek

³deur aan die priesters wat by die huis van die **HERE** van die leërskare was, en aan die profete die vraag te stel: Moet ek in die **vyfde maand** ween met vas soos ek nou al so baie jare gedoen het? “

Vir baie jare het die mense die hele vyfde maand lank gevas.

Sag. 7:5 “^bSpreek tot die hele volk van die land en tot die priesters dít: As julle, nou **sewentig jaar** lank, in die **vyfde en in die sewende maand gevas en getreur** het, het julle toe werklik ter wille van My gevas?”

Vir sewentig jaar lank het hulle elke vyfde en sewende maand gevas, en God het gesê, “het julle werklik vir My gevas?”

Sewentig jaar lank het hulle gevas sonder die goedkeuring van God. Hulle was oortuig dat hul vir die Here gevas het!

Dit is skrikwekkend! Jy kan jou hele lewe lank vas, maar indien die vas verkeerd is, ontvang jy niks nie.

‘n Man kan vas en in die proses sterf, maar as hy nie in pas is met God nie, beteken sy vastye niks.

Baie keer kyk ons na ons vas, terwyl God na ons **harte** kyk. Indien jou hart in die regte verhouding tot God staan, neem Hy die vas en gebede in ag. God soek na **diep versoening** met Hom en ons medemens, sodat ons vas vir Hom aanvaarbaar mag wees.

Vra die Here om jou te ondersoek en vir jou alles te wys wat in jou lewe is wat Hom nie behaag nie. Vra Hom om die **weersprekinge in jou lewe** bloot te lê, sodat jy dit in die gesig kan kyk en regstel.

Mat. 6:16-18 “¹⁶*En wanneer julle vas, moenie lang gesigte trek soos die geveinsdes nie; want hulle mismaak hul gesigte, sodat dit deur die mense gesien kan word dat hulle vas. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg.*

¹⁷*Maar jy, **as jy vas, self jou hoof en was jou gesig,***

¹⁸*sodat jy nie die mense laat sien dat jy vas nie, maar jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde.”*

Hier sê die Here dat mense vas om belonings te ontvang. Daar is ‘n **BOEK VAN VAS** waar God sorgvuldig elkeen van ons vastye aanteken, asook die doel daarvan, en daardie boek sal op daardie dag geopen word as hierdie mense beloon word.

Ek bid dat jou naam daar is. God teken jou vas aan wat jy in die verborgene gedoen het, sodat Hy jou op daardie dag in die openbaar kan vergelde.

Hy sal jou **beloon met** beantwoorde gebede in hierdie wêreld, maar Hy gaan ons selfs meer beloon op daardie wonderlike dag omdat ons gebid het!

Weereens, DAAR IS ‘N **REKORDBOEK VAN GEBEDE**, waar God die gebede en die gebedslewens van Sy biddende kinders aanteken.

Sommige van ons het bewyse van sommige van ons gebede wat beantwoord is. Maar daar is sommige gevalle waar die Here die vrug van ons gebede vir ons wegsteek, sodat dit op daardie dag openbaar gemaak kan word.

Almal wat al ooit gebid en gevas het, is op die Here se rekords vir beloning. Daar is baie mense wat versteek is, onbekend, maar hulle betaal die prys, hulle wandel voor God en ontvang hul beloning.

Indien jy ‘n openbare figuur is, **maak seker dat jy ‘n diep gebedslewe het**, omdat die **rekenaars in die Hemel elke dag rekords aanteken**, en hulle maak nie foute nie!

Hulle plaas nie dit wat iemand aanbied onder die naam van iemand anders nie. Hulle teken aan **volgens die getrouheid van elke individuele man, vrou, of kind.**

AANVAARBARE VAS.

Luk. 4:1-2 “*EN Jesus het vol van die Heilige Gees teruggekeer van die Jordaan af, en is **deur die Gees in die woestyn gelei,**
²waar Hy **veertig dae lank deur die duiwel versoek is; en Hy het niks geëet in dié dae nie; en toe hulle verby was, het Hy naderhand honger geword.**”*

Jesus was vol van die Heilige Gees toe Hy in daardie vas gegaan het, en Hy het oorgeloop van die Heilige Gees toe Hy daar uitgekome het.
Maak seker dat jy deur die Heilige Gees gelei word wanneer jy op ‘n lang vas gaan.

Vas is vir Oorlogvoering.

Mark. 1:12-13 “¹²*En **dadelik het die Gees Hom uitgedryf** in die woestyn.
¹³En Hy was daar in die woestyn **veertig dae lank, terwyl Hy deur die Satan versoek is; en Hy was saam met die wilde diere, en die engele het Hom gedien.**”*

Vastye is tye van oorlogvoering. Dit kan tye wees van verbete konflik met satan. [Gedurende vastye het ‘n persoon bonatuurlike kragte – óf van die duiwel, óf van God. **Voorbeeld:** Die mag agter Islam is vas. Groot krag word vrygestel wanneer hulle in **eenheid** vas.]

Vas is vir oorlogvoering en kan die koninkryk van satan vernietig. Vas is ‘n **oorlogs-instrument**. Die grond waarop ons die vyand kan konfronteer, is in vas. Jy moet jou vastye verklaar as vastye vir die Here.

‘n Vas het ‘n sterk vermoë om die duiwel te ondermyn. Die eerste dag kan nog gaan, maar die tweede dag...!!!!

Daardie tweede dag is moeilik en die duiwel weet dit! Maar as jy eers die tweede dag kon deursien en by die derde dag kom, is jou krag vernuwe.

Moenie luister na die duiwel se leuens nie, Druk deur!!

Vas met en sonder gebede

“**Wanneer julle bid**” en “**wanneer julle vas**”. Dit is **twee instrumente** van geestelike oorlogvoering. Soms werk hulle onafhanklik van mekaar. Jy kan in gebeds-oorlogvoering gaan sonder enige vas en jy kan in ‘n vas-stryd gaan sonder om veel te bid, maar steeds die aanslag van die bose ondervind.

Gedurende lang vastye is dit baie moeilik om te bid – bid dus kort gebede, of jy kan slegs kreun, hierdie is baie skerp wapens!

Dus, wanneer jy vas, is dit nie altyd die tyd om deurnag gebeds-byeenkomste te hou nie.

Moet nooit jou vas staak omdat jy te moeg is om te bid nie. Selfs sonder gebed, bedien die vas vir God.

Een ding wat gedurende vastyd manifesteer, is dat die aktiwiteit van die vlees en die siel grootliks verminder word, die begeertes van die vlees word verminder en die gees is meer beskikbaar.

Gedurende 'n vas sê 'n persoon vir God, "Liewe Vader, neem oor." Jy oorhandig alles wat jy het en wat jy is. Jy kom aan die einde van jouself. Jy staar al jou swakhede in die gesig en lê net by Sy voete in algehele afhanklikheid van Sy krag en sterkte om jou deur te trek!

Vas werk – PRYS DIE HERE!!

PRAKTIESE ADVIES OOR VAS.

Om te begin met 'n vas.

Inleiding

Daar is verskillende soorte vas: 'n algehele vas van voedsel en vloeistowwe vir 'n kort tydjie; 'n vloeistof vas waarin slegs water gedrink word; 'n sap vas wat behels dat water gedrink word en 'n gegewe aantal sappe gedurende normale etenstye; 'n vas van vleis, waarin slegs vrugte en groente geëet word.

Dit is belangrik om die uitwerkinge van vas op die gees, siel en liggaam te verstaan. Voordat jy 'n vas sou aanpak, wil ek jou aanmoedig om eers die Woord van God te bestudeer en boeke te lees wat belangrike inligting oor voeding en ander gesondheidssake bevat. As mens begrip het van 'n saak, kan jy skade en besering vermy, beide fisies en geestelik.

Moenie te koop loop met jou vas nie, maar bespreek dit wel met jou gesin en diegene na aan jou indien nodig, sodat hulle bewus kan wees van waarmee jy besig is.

(Persoonlike nota: Gedurende vastye gaan ek voort om maaltye vir my gesin voor te berei).

Gebed:

Vader, ek wy hierdie vas aan U toe, en rig my verstand om begrip te kry in hierdie sake waaroor ek besorg is. (*Skryf jou besorgdhede neer en hou dit byderhand. Moenie uit die oog verloor waarom jy eintlik vas nie*).

Ek verneder myself voor U, Hoogste God. Volgens **Dan. 10:1-3** sal ek geen _____ eet vir die tydperk van _____ nie. Ek gehoorsaam die Woorde van Jesus om feesklere aan te trek, sodat niemand hoef te sien dat ek vas nie.

Vader, U ken elke geheim, en ek kyk na U vir my beloning. Ek weet verseker dat U my hoor wanneer ek bid volgens U wil, en ek weet dat ek daardie petisies sal ontvang wat ek van U vra.

Vader, ek verheug myself in U, en U bring my begeertes in lyn met U wil. Ek kies die vas wat U gekies het: om die kettings van onreg te verbreek en die koorde van die juk los te maak, die onderdrukte vry te maak en elke juk te verbreek. Ek deel my voedsel met die honger mense en voorsien die armoedige swerwer van skuiling. Wanneer ek die naakte sien, sal ek hom klere gee en ek sal nie wegdraai van my eie vlees en bloed nie. Dan sal my lig voortkom soos die oggendlig en my genesing sal skielik verskyn; dan sal my geregtigheid voor my uitgaan en U heerlikheid, Here, sal my agterhoede vorm.

Vader, dankie dat U my reinig – gees, siel en liggaam. Al my weë lyk vir my onskuldig, maar my motiewe word deur U geweeg, my Heer en Meester. Ek wy hierdie vas aan U toe, en my planne sal slaag. Ek dank U dat dit U is Wie die wyse antwoord van die tong voortbring.

Vir ewig o Here, staan U Woord vas in die Hemel. U getrouheid strek van geslag tot geslag, soos die aarde wat U geskape het; dit bestaan op U bevel, want alles dien U plan.

In Jesus Naam
AMEN

Skrifverwysings:

Mat. 6:17,18; 1 Joh. 5:14,15; Ps. 37:4; Spr. 16:3; Jes. 58:6-8; 1 Tess. 5:23; Spr. 16:2,3; Spr. 16:1; Ps. 119:89-91

Eindig 'n Vas

Inleiding

Dit is die beste om 'n vas te breek deur vrugte, sop of 'n ligte slaai te eet, en geleidelik ander soorte voedsel dag na dag by te voeg, afhangende van die lengte van die vas.

Gebed

Vader, in die Naam van Jesus, is U my Lig en my Redding; wie sal ek vrees? U is die Krag van my lewe; vir wie sal ek bang wees? Vader, U het aan my die begeertes van my hart gegee. U het gehoor en my gebede beantwoord. Aan U al die eer! U het groot dinge gedoen! Ek rus in U, en wag op die manifestasie van alles wat ek van U benodig en vir U gevra het.

Ek dank U dat U my krag gee om elke dag "vol sap" in die oë te kyk [geestelike lewenskrag]. Vandag breek ek hierdie vas soos U gelei het. Ek dank U vir hierdie voedsel, omdat dit geheilig is deur U Woord en gebed.

In Jesus Naam
AMEN

Skrifverwysings:

Ps. 27:1; Ps. 37:4; Ps. 34:4; Ps. 92:14; 1 Tim. 4:4,5

Hoofstuk 2

DIE BEHOEFTE AAN GEBED EN BEGINSELS VAN EFFEKTIEWE INTERSESSIE

Luk. 21:34-36 ³⁴“**MAAR pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorg van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie.**

³⁵Want soos ‘n strik sal hy **kom oor almal** wat op die **hele aarde** woon.

³⁶**Waak** dan en **bid altyddeur**, sodat julle **waardig geag** mag word om **al hierdie dinge** wat kom, te **ontvlug** en voor die Seun van die mens te staan.”

Ten einde te ontvlug en nie weggevoer te word saam met die sisteem van hierdie wêreld nie, het die gelowige ‘n hart nodig wat gevestig en behoorlik gegrondves is in gebed. Jesus verwag van die gelowige om min of meer die tyd van Sy terugkeer te kan onderskei.

‘n Strik vang jou onverhoeds en onverwags.
“**Wees wakker en waak te alle tye**”

1 Tess. 5:17 ¹⁷“**Bid sonder ophou.**”

Mat. 26:41 ⁴¹“**Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.**”

‘n Biddende gelowige is geneig om ook ‘n waaksame gelowige te wees, en hy sal die vlerke van ‘n arend hê.

Jes. 40:28-31 ²⁸“**Weet jy dit nie? Of het jy dit nie gehoor nie? ‘n Ewige God is die HERE, Skepper van die eindes van die aarde; Hy word nie moeg of mat nie; daar is geen deurgronding van sy verstand nie.**

²⁹Hy gee die **vermoeide krag** en **vermenigvuldig sterkte** vir die wat geen kragte het nie.

³⁰Die **jonges word moeg en mat**, en die jongmanne struikel selfs;

³¹maar die **wat op die HERE wag, kry nuwe krag**; hulle **vaar op met vleuels** soos die **arende**; hulle **hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie.**”

Vandag word mense moeg en afgemat en die jong manne misluk. Slegs diegene wie **standvastig op die Here wag sal sterk en vas bly staan.**

LET WEL: Nie almal sal hul krag herwin nie. Slegs diegene wie die gewoonte ontwikkel het om op die Here te wag, diegene wie geleer het hoe om in die geheime plek van die Allerhoogste te skuil.

God vergelyk dit met ‘n **arend**. ‘n Arend het ongelooflike skerp sig.



‘n Arend het baie fases van ontwikkeling.

Wanneer ‘n arend begin oud word, gaan hy in ‘n **winterslaap** met die doel tot **vernuwing** of **heraktivering**. Geleidelik begin nuwe vere groei en wanneer die arend weer vlieg, beskik dit oor **hernude krag en sterkte**.

Net so, verwag die Here van ons om ons af te sonder in ons gebedskamer en DAAGLIKS ‘n winterslaap te neem in Sy teenwoordigheid. God sê daar is ‘n spesifieke groep mense wie geleer het om op Hom te wag, wie hul krag sal hernu. My gebed vir jou is dat jy deel sal wees van hierdie groep heiliges.

Baie van ons beoefen wat ons noem **“nood” gebede**. Dit is wanneer ons in die moeilikheid is en dan begin bid. Dit is wanneer ons ‘n **konferensie** of **tyd van bediening** het wat ons dit nodig vind om “God te gaan soek”. Sulke Christene bid nie, tensy hulle ‘n groot saak het.

Dwarsdeur hul dag sal hulle baie besig wees met die dinge van die Here, en werk vir die Here, maar hulle wandel nie met, en wag nie op die Here van die werk nie. So iemand kan nie verwag om veel deurbraak of salwing op sy/haar bediening of persoonlike lewe te ervaar nie. Hy stel homself kwesbaar vir sataniese aanvalle.

Heb. 11:6 *“⁶En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en ’n beloner is van die wat Hom soek.”*

God is ‘n Beloner van diegene wie Hom **YWERIG** soek, nie ‘n Beloner van sommer enigiemand nie. Diegene wie Hom **versigtig, getrou en nougeset** soek, is diegene wie Hy sal beloon.

Luk. 11:9,10,13 *“⁹En Ek sê vir julle: **Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word.***

*¹⁰Want **elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word.***

*¹³As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee **aan die wat Hom bid?**”*

1. DIE BEDIENING VAN INTERSESSIE.

Daar is verskeie definisies of betekenis van die woord, maar ons wil twee Latynse woorde bespreek wat vertaal word in **“INTERSESSIE”**.

‘INTRA’ – tussen of midde in

‘CEDERE’ – om te staan

‘n Kombinasie van die twee is: **INTRA-CEDERE**, wat beteken **‘staan tussen-in of staan in die gaping.’**

Nog 'n woord vir intersessie is die Griekse woord “**PAGAR**”, wat beteken ‘**om te bots met**’, ‘**n kop aan kop botsing**’.

Dit dui daarop dat in INTERSESSIE STAAN jy TUSSEN-IN en het 'n KOP AAN KOP BOTSING met iets.

**Vrae: Staan tussen wie?
Bots met wie?**

As 'n intersessor, het jy **twee hoofdoele**:

1. Jy staan tussen God en die mens.
2. Jy bots met satan en die probleme van die mens.

Die mens vir wie jy intersessie doen het **geen wettige stand voor God** nie. Hy is verdoem tot **oordeel en vernietiging** en a.g.v. sy sondes en oortredinge kan hy **nie tot God nader op sy eie nie**. Eintlik beteken dit dat die mens **verwyder is van God**. Om oordeel af te weer, en vernietiging weg te neem van so iemand, benodig hy **die bediening** van iemand met 'n **regverdig stand voor God**, iemand **wie se stem God ken**.

Die intersessor is 'n **mens vir mense**, sowel as 'n **man van God**, en dit is hoekom dit genoem word die bediening van tussen-in staan.

In intersessie, lê hy **beslag op die skuldige mens en terselfdertyd ook op God**, omdat hy beskikbaar is en aanvaarbaar vir albei.




Omdat hy 'n mens is, kan hy identifiseer met dit waardeur die ander mens gaan, en omdat hy ook 'n man van God is, ken hy die rede hoekom God hierdie man moet oordeel en straf. Hy kom nou in as **skeidsregter of beoordelaar – 'n middelman**, en lê as't ware een hand op God en die ander hand op die skuldige mens en sê, “**Laat daar vrede wees tussen julle.**” Omdat hy aanvaarbaar is voor God, is hy in staat om die woede van God te kalmeer, en redes voort te bring waarom die Here nie die man moet straf nie, maar vergewe.

Die intersessor wie tussen God en die skuldige mens staan, is in staat daartoe omdat **hy op hoër grond staan** as die skuldige mens en hy beskik ook oor 'n **aanvaarding deur God**.

Sy **stem word herken in die Hemelsale**.

Hy is nie 'n besoeker nie. Hy woon in die geheime plek, daarom kan hy pleit voor God en God sal hom aanhoor.



Job 22:30 ^{“30}Hy red selfs hom wat **nie onskuldig is nie**: ja, hy word gered deur die reinheid van jou hande.”

Voorbeelde van Intersessors:

- **Daniel** bepleit die saak van die hele volk van Israel (**Dan. 9 & 10**)
- **Esra** (**Esra 9 & 10**)
- En **Nehemia** neem die probleme van die hele volk op hulself.



‘n Intersessor is ‘n **skeidsregter**. Hy vorm die **heining**, hy bou ‘n **brug** tussen God en die mens.

Job 9:32-33 ^{“32}Want Hy is nie ‘n man soos ek, dat ek Hom sou kan antwoord, dat ons saam na die gereg sou kan gaan nie.

³³Daar is geen skeidsregter tussen ons **wat sy hand op ons twee kan lê nie.**”

Job 16:20-21 ^{“20}My vriende spot met my; uit my oog drup tranes tot God —
²¹**dat Hy kan pleit vir ‘n man by God en as Menseseun vir sy naaste.**”

Jer. 30:12-13 ^{“12}Want so sê die HERE: Jou verbreking is ongeneeslik, jou wond is smartlik.

¹³**Niemand verskaf reg aan jou nie; daar is geen medisyne vir die sweer, geen genesing vir jou nie.**”

In intersessie, bepleit jy die saak van iemand anders, sodat daardie persoon verbind kan word, of sodat daardie nasie saamgebind kan word met die Genesings balsem van God.

Jes. 59:16 ^{“16}En Hy het gesien dat daar **niemand** was nie en Hom verbaas dat **niemand tussenbei tree nie**; daarom het sy arm Hom gehelp en sy geregtigheid het Hom ondersteun.”

Jer. 5:1 **“SWERF** rond in die strate van Jerusalem, en kyk tog en verneem en soek op sy pleine **of julle iemand vind, of daar een is wat reg doen, wat waarheid soek — dan sal Ek daaraan vergifnis skenk.**”

Eseg. 22:23-31 ^{“23}Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê:
²⁴Mensekind, sê vir hom: Jy is ‘n land wat **nie gereinig is nie**, wat nie reën gekry het in die dag van grimmigheid nie.

²⁵‘n **Sameswering van sy profete** is in hom, soos ‘n leeu wat brul, wat prooi verskeur; hulle eet die siele op; skatte en kosbare dinge neem hulle weg; die weduwees vermeerder hulle daarin.

²⁶Sy priesters **verkrag my wet en onheilig my heilige dinge**; tussen heilig en onheilig maak hulle **geen onderskeid** nie, en die **verskil tussen onrein en rein gee hulle nie te kenne** nie; daarby maak hulle hul oë toe vir my sabbatte; ja, Ek word onder hulle onheilig.

²⁷ Sy vorste is in hom soos **wolwe** wat prooi verskeur, om **bloed te vergiet** en **siele om te bring, dat hulle onregverdige wins kan maak.**

²⁸ En sy profete pleister vir hulle met los kalk deur **bedrieglike gesigte** te sien en vir hulle **leuens te voorspel** met die woorde: So sê die Here **HERE**—terwyl die **HERE** nie gespreek het nie.

²⁹ Die mense van die land pleeg **geweld en eien hulle geroofde goed toe**; ook **verdruk** hulle die **ellendige en behoeftige**, en teenoor die vreemdeling pleeg hulle geweld sonder reg.

³⁰ En Ek het onder hulle **'n man gesoek wat 'n muur kan bou en voor my aangesig in die bres kan staan vir die land, sodat Ek dit nie sou verwoes nie; maar Ek het niemand gevind nie.**

³¹ Daarom het Ek my toorn oor hulle uitgegiet; deur die vuur van my grimmigheid het Ek hulle verteer; hulle wandel het Ek op hulle hoof laat neerkom, spreek die Here **HERE.**”

God soek na intersessors onder die mense, **een van hul eie**, wat weet wat die mense doen, maar wie nie betrokke is in hul verkeerde weë nie.

Omdat God niemand in Israel kon vind nie, het Hy sy toorn uitgestort. Die toorn van God was altyd nog daar, maar Hy het geduldig gewag vir iemand wat by Hom sou pleit, Hom sou soebat en Sy Aangesig sou opsoek, Sy beloftes sou voorhou en redes sou voortbring waarom Hy nie die volk moet vernietig nie. God het gekyk en gewag, en omdat Hy niemand kon vind nie, moes Hy Israel veroordeel.

Dit laat ons begryp dat wanneer **'n ramp losbreek** of **mense vernietig word**, of wanneer **'n kerk skeur**, of wanneer satan **'n gemors maak** van **'n lewe** of **'n huis**, dit is omdat God vrugteloos gesoek het na **'n intersessor** en niemand kon vind nie.

Wanneer **onenigheid** **'n kerk bedreig**, wanneer **'n pastoor immoraliteit pleeg** of wanneer **'n man van God begin terugval**, **sal God onmiddellik begin rondsoek vir manne en vroue wie Sy gevoelens en besorgdheid sal verstaan**, en sal reageer op Sy las en begin bid. Dan, in Sy groot genade, sal Hy nie toelaat dat die ramp gebeur nie, omdat Hy getroue intersessors kon vind wie ernstig gebid het.

Het God **jou al in die nag wakker gemaak**, en aangepor om te bid? Jy is so moeg dat jy omdraai en verder slaap. In jou hart het jy gesê, *“Here, U sal verstaan dat ek baie moeg is. Laat my eers rus en dan sal ek bid.”*

Teen die tyd dat jy wakker word, het die las gelig en die vyand het klaar iewers toegeslaan om iemand skade aan te doen, miskien selfs **'n stad/dorp** of **kerk**.

'n Persoon wie weier om **'n las** soos hierdie van God te ontvang en deur te bid, sal outomaties die geleentheid wat God aan hom bied om in die amp en bediening van intersessie te staan, verbeur. Hy sal bly op die laer vlakke van petisie en smeekbede.

2. BOU LEWENSSIRKELS

In intersessie bou ons lewenssirkels rondom individue, kerke, bedieninge en nasies.

Hand. 14:19-21 “¹⁹Maar daar het Jode van Antiochië en Ikónium aangekom, en hulle het, nadat hulle die skare omgepraat het, **Paulus gestenig** en hom **buitekant die stad gesleep**, met die gedagte dat hy **dood** was.

²⁰**Maar toe die dissipels hom omring**, het hy **opgestaan** en **in die stad gekom** en die volgende dag saam met Bárnaabas na Derbe vertrek.

²¹En nadat hulle aan daardie stad die evangelie verkondig en 'n aantal dissipels gemaak het, het hulle teruggegaan na Listre en Ikónium en Antiochië....”

Paulus het reg in die hande van die godsdienstige geeste geloop waar hulle hom gestenig, en vir dood agtergelaat het. Toe het die dissipels rondom hom gaan staan en begin intree. Hulle het **lewe deurgegee** aan Paulus deur hul intersessie. Hy het so te sê uit die dood opgestaan. Gebreekte bene is heelgemaak, ernstige wonde is genees, en op sy eie bene het hy teruggestap in daardie stad in en weer gepreek!

Vandag word Christene daaglik deur die vyand na buite getrek en gestenig. God verwag van ons as Sy Kerk om op te staan in intersessie en te bid. Hy soek ons as intersessors, om **lewenssirkels te bou** rondom enige kind van God wat gestenig is. Vat hande en bou ‘n **muur van Lewe**, ‘n sirkel van Lewe terwyl jy bid.



Soek vir diegene wie gestenig is, soek vir diegene tot wie jy lewe kan profeteer!
Hoekom het Paulus nie gesterf nie? Omdat die dissipels intersessors was wat ‘n lewenssirkel om hom gebou het en ‘n nuwe salwing en heiligheid na vore geroep het.

‘n Ware intersessor het geen tyd vir kritiek of skinder of om ander mense af te breek nie. Mense wie ander veroordeel, bid nie. Gebed en rugstekery stap nie saam nie.

3. ARBEI IN LIEFDE.

Kol. 4:12 “¹²**Épafras** wat een van julle is, ‘n dienskneg van Christus, groet julle en **stry altyd vir julle in die gebede**, dat julle volmaak en volkome mag staan in die ganse wil van God.”

Épafras was nie sommer ‘n gewone Christen nie, hy was ‘n intersessor wat gestaan het in hierdie bediening en dit is bevestig deur Paulus die Apostel. Dit was nie Paulus wat die evangelie aan die Kolossense oorgedra het nie, dit was Epafras en ander wie hulle bedien het en wie hulle geglo het.

Hulle het toe vir Paulus oorgenooi na die Kerk van Kolossense om daar te bedien ten einde hulle te bevestig. Epafraas het interessie gedoen vir die bekeerlinge, en het voortdurend gearbei in 'barensnood' gebede.

Kol. 4:13 *“¹³Want ek getuig van hom dat hy 'n groot ywer het vir julle en vir die wat in Laodicéa en die wat in Hiérápolis is.”*

Epafraas het effektiewe en vurige gebede met ywer gebid.

4. BESTANDELE VAN EFFEKTIEWE INTERESSIE.

Intersessie is nie maklik nie. Paulus het dit vergelyk met 'n stoei-geveg. Jy moet bereid wees om lank te arbeid, te kreun en in barensnood te verkeer, te stry en te worstel. Jy moet gereed wees vir 'n kop aan kop botsing met die duiwel.

1. Ywer in Gebed.

Geen man of vrou kan 'n intersessor wees sonder 'n groot hoeveelheid ywer nie. Dit is nie vir lui, louwarm mense nie.

Dit is 'n bediening wat **toewyding** vereis. Die eerste ding waarvoor God soek in 'n gebedsstryder, is nie hoeveel hy in staat is om in tale te spreek nie, of hoe hard jou stem is of hoe groot jy is nie. In die diens van God is dit die ywer wat tel; kennis kom daarna.

Rom. 12:11 *“¹¹wees nie traag in die ywer nie; wees vurig van gees; dien die Here;”*

Sonder ywer, aksie of motivering, sal jou bediening soos 'n marionet-bediening wees.

Voorbeeld: Die seuns van profete in die dae van Elia en Elisa. (2 Kon. 2:1-15).

Hulle het al die openbarings en kennis van die eindtyd beweging van God gehad, maar nie die ywer nie. Hulle het tot geen aksie oorgegaan om Elia te volg en iets te **doen** aan die eindtyd beweging nie.

Hulle was geestelik staties. Sommige het in Gilgal gebly. Elisa het hulle daar ontmoet. Sommige was in Jordanië, hy het ook sommige in Jerigo ontmoet, terwyl sommige stagnant gebly het in Bethel. Hulle het almal net rondgesit, maar Elisa het voortgegaan na die einddoel. Hy het aangegaan en God het hom beloon met 'n **dubbele porsie** van Elia se salwing.

Jy het dalk nie baie kennis nie, maar indien jy die ywer het, gaan die Here die nodige kennis aan jou gee.

2. Begeerte in Gebed.

Daar is geen manier waarop jy 'n effektiewe intersessor kan wees as jy nie 'n sterk begeerte het om te bid en God en die mensdom te help nie.

Miskien het jy al mense gesien bid en is jy daardeur beweeg en aangeraak. Jy wil soos hulle bid. Dit is wat ons noem begeerte. God werk selde anders. Geen begeerte, geen genade, geen gebedslas. Dit is 'n sterk en brandende begeerte wat uiteindelik sal lei tot die besluit om te bid.

Ps. 37:4 *“⁴en verlustig jou in die HERE; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart.”*

3. Barendnood Gebed.

Gal. 4:19 *“¹⁹my kinders, vir wie ek **weer in barendnood** is totdat Christus in julle 'n gestalte verkry.”*

Paulus het hulle vertel van die geestelike dinamika van herlewing. Hy het gesê dat hy geboortepyne gelyk het totdat Christus algeheel en permanent gevorm is in hierdie teruggevalle Christene.

Jes. 66:7-9 *“⁷Voordat sy **weë gekry het, het sy gebaar**; voordat smart oor haar gekom het, is sy van 'n **seuntjie** verlos.*

*⁸Wie het so iets gehoor? Wie het sulke dinge gesien? Word 'n land op een enkele dag gebore? Of word 'n nasie met een slag gebaar? Want **Sion** het **weë gekry**, meteens haar **kinders gebaar**.*


⁹Sou Ek naby die geboorte bring en nie laat baar nie? sê die HERE. Of sou Ek wat laat baar, self toesluit? sê jou God.”

In beide hierdie gedeeltes, blyk dit dat die Gees van God sê dat geestelike geboorte, bekerings en herlewings slegs kan plaasvind deur middel van barendnood gebede, waarin ons geboortepyne en barendnood het.

Die Galasiërs het weggedraai van God se genade na dwaling, en toe die man van God dit hoor, was hy ontsteld en ontstig, en dus het hy daarteen begin bid soos vantevore toe hulle weergebore is. Hy het geweet dat hulle nie meer sterk gestaan het in die genade van God nie. Dus het hy weer van voor af begin.

“My klein kindertjies, vir wie ek in barendnood verkeer – pyn van geboorte en geboortepyne kom oor my.”

Indien jy al vantevore geboorte geskenk het, of miskien vroue dopgehou het in die kraamsaal, sal jy weet dit is ernstig! Dit is 'n saak van lewe of dood.



In Jes. 66:7 het die Here gesê, **“Voordat sy weë gekry het, het sy gebaar; voordat smart oor haar gekom het, is sy van ’n seuntjie verlos.”**



Wie het van so iets gehoor?

“...Want Sion het weë gekry, meteens haar kinders gebaar”.

Hier word gepraat van Sion – die Kerk. **Die Kerk van God moet weë kry voordat ’n groot deurbraak kan kom** op die gebied van massa evangelisasie. Ons moet worstel sodat ons nie langer droë en vrugtelose uitreikings het nie. Manne en vroue **moet swanger wees met gebedslaste** wat hulle na **siels-barensnood** sal lei.

Voordat siele kan saamkom in die Koninkryk van God, moet hulle eers gebore word deur gebede en interessie – met **trane en sielsweë**. Sulke siele staan gewoonlik sterk en sal nie maklik terugval nie.

Vandag het ons baie ongelowige gelowiges. Ons het gelowiges wat in tale spreek, byeenkomste bywoon, asook kerkprogramme ondersteun, en wie gedurig roep “PRYS DIE HERE! HALLELUJA! DIE HERE IS ALTYD GOED!” - en tog is hulle kniediep in sonde. Vandag sien jy hulle in die koor sing; hulle sing ‘lofprysinge’ en ‘aanbid’, more kry jy hulle besig met skinder en rugstekery wanneer hulle net voortgaan in hul sonde. Het hulle die Koninkryk binnegegaan met die kortpad metode van “Positiewe belydenis?” Daar is diegene wat glo dat indien hulle bloot iets bely, dit sal gebeur sonder dat hulle hoef te bid daarvoor. Die gevolg is baie immoraliteit, materialisme, oppervlakkigheid, terugval en wêreldsheid.

Bedienaars van God en interessors moet die waarde daarvan leer om siele met barensnood in die Koninkryk van God in te bid, en te ly in geboortepyne totdat Christus gevorm is binne hierdie mense.

4. Gebedslaste en Kreuninge in Gebed.

Ons as die Kerk moet gebedsgerig wees, met die las van die Heilige Gees in ons harte. Wanneer sulke gebedslaste van jou besit neem, sal dit voel asof jy vir niks anders omgee nie, geen aandag aan iets anders kan gee nie, totdat jy aandag geskenk het aan so ’n las en bid, ween of rol op die grond.

Jy sal in hierdie toestand van gebed bly totdat die las gelig het. Moenie probeer om hierdie plek van gebed te verlaat totdat jy deur die Heilige Gees “vrygelaat” word nie. Hierdie **siele pyn** kan veroorsaak dat jy kreun, skreeu, ens, maar daar gebeur iets binne jou wat jy nie kan verduidelik nie. Dit is die gebedslas van ’n ware interessor. Die resultaat is die baring van baie geestelike babas, wonderwerke en genesings vir mense wat jy dalk nie eens ken nie. In die natuurlike het ons resultate. PRYS DIE HERE!

5. Heiligheid in Gebed.

Daar is geen manier waarop jy 'n intersessor kan wees as God nie jou persoon aanneem nie. Dit spreek van HEILIGHEID. Indien jy wil staan tussen God en mens en deur God verwelkom wil word en die mensdom wil seën, moet jy heilig wees. Dit is NIE ONDERHANDELBAAR nie.

So was die lewe van Moses. In **Eks. 32:9-14**; en **Num. 16:45-48**, was Moses in staat om God te oortuig dat Hy Sy woede en toorn teenoor die volk van Israel moes laat vaar, omdat Moses op 'n hoër vlak van heiligheid gestaan het as sy mense.

Ps. 24:3-6 ^{“3}Wie mag klim op die berg van die HERE? En wie mag staan in sy heilige plek?

⁴Hy wat **rein van hande en suiwer van hart** is, wat sy siel nie ophef tot nietigheid en nie vals sweer nie.

⁵Hy sal seën wegdra van die HERE en geregtigheid van die God van sy heil.

⁶Dit is die geslag van hulle wat na Hom vra, **wat u aangesig soek** — dit is Jakob. Sela.”

Heiligheid in die lewe is dus 'n eerste prioriteit.

Dan. 10:11 ^{“11}En hy het vir my gesê: Daniël, **geliefde man**, gee ag op die woorde wat ek met jou spreek, en gaan staan op jou staanplek, want ek is nou na jou gestuur. En terwyl hy hierdie woord met my spreek, het ek bewende gaan staan.”

Daniel was baie geliefd by God en 'n onmiddellike antwoord is na hom gestuur dieselfde dag toe hy gebid het. Hy het 'n heilige lewe geleef, in verhouding met God.

Intersessie en sonde kan nie saamgaan nie. Indien jy 'n oorwinnende intersessor wil wees, moet jou lewe deursigtig, getrou, en nederig wees. Jy moet bekleed wees met die kleed van geregtigheid.

6. Pleit die Bloed van Jesus in Gebed.

Ons benodig die openbaring van die Bloed voordat ons dit kan aanwend vir die bevryding van nasies en mense en om alles te kan ontmoet wat Golgota behels – **redding, vryskelding van sonde, genesing, vryheid en vooruitgang.**

Onthou: Die plek van intersessie is ook die plek van beskuldiging en veroordeling deur die vyand. Dus, WEES WAKSAAM!!

Oggend Gebed:

Vader, ek kom na U in die Naam van Jesus om Sy Bloed te pleit oor my lewe en op alles wat aan my behoort, en oor alles waarvan U my rentmeester gemaak het.

Ek pleit die Bloed van Jesus oor die poorte van my verstand, my liggaam (die tempel van die Heilige Gees), my emosies, en my wil. Ek glo dat ek beskerm is deur die Bloed van die Lam wat my toegang bied tot die Allerheiligste.

Ek pleit die Bloed oor my kinders, my kleinkinders en hul kinders, en oor almal wat U aan my gegee het in hierdie lewe.

Here, U het gesê die lewe van die vlees is in die bloed. Dankie vir hierdie Bloed wat my gereinig het van sonde en die Verbond verseël het waaraan ek deel het.

In Jesus Naam
AMEN

Skrifverwysings:

Eks. 12:7, 13; Lev. 17:11; 1 Kor. 6:19; 1 Joh. 1:7; Heb. 9:6-14.


Aandgebed:

Vader, as ek nou gaan slaap, pleit ek die Bloed van Jesus oor my lewe – binne my, rondom my en tussen my en alle boosheid en die vader van boosheid.

In Jesus Naam
AMEN.

7. Die Woord van God in Gebede.

Die intersessor moet die beloftes van God ken. Hy moet in staat wees om dit te herhaal en aan God terug te gee in gebed.



Num. 14:11-20 ^{“1}Daarop het die HERE aan Moses gesê: Hoe lank sal hierdie volk My verag? En hoe lank sal hulle in My nie glo nie, ondanks al die tekens wat Ek onder hulle gedoen het?

¹²Ek sal hulle met die pes tref en hulle uitroei; en Ek sal jou 'n groter en sterker nasie maak as hulle.

¹³Toe het Moses aan die HERE gesê: Maar die Egiptenaars het gehoor dat U deur u krag hierdie volk onder hulle uit laat optrek het

¹⁴en dit aan die inwoners van hierdie land gesê. Hulle het gehoor dat U, HERE, in die midde van hierdie volk is; dat U, HERE, duidelik

waarneembaar verskyn; dat u wolk oor hulle staan en U in 'n wolkkolom voor hulle uit trek bedags en in 'n vuurkolom by nag.

¹⁵As U nou hierdie volk soos een man ombring, dan sal die nasies wat die tyding aangaande U gehoor het, spreek en sê:

¹⁶Omdat die HERE hierdie volk nie kon inbring in die land wat Hy hulle met 'n eed beloof het nie, het Hy hulle in die woestyn omgebring.

¹⁷Laat dan nou tog die krag van die HERE groot word, soos U gespreek het deur te sê:

¹⁸Die HERE is lankmoedig en groot van goedertierenheid, wat die ongeregtigheid en oortreding vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie, wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag.

¹⁹Vergeef tog die ongeregtigheid van hierdie volk na die grootheid van u goedertierenheid, en soos U hierdie volk van Egipte af tot hiertoe vergewe het.

²⁰Toe sê die HERE: Ek vergewe, volgens jou woord.”

Moses het gepleit vir die volk en God herinner aan wat die mense van die lande rondom hulle sou sê indien Hy Sy eie volk sou vernietig.

Uiteindelik het die Here gesê, **“Goed, ek sal hulle vergewe soos jy gevra het ...”**

Moses het sterk argumente gebruik om te pleit by God. Hy het begin met natuurlike redes.

God het gesê, *“Ek gaan van jou 'n baie groter en magtiger nasie as hulle maak.”*

Moses het geantwoord, *“As U nou hierdie volk soos een man ombring, dan sal die nasies wat die tyding aangaande U gehoor het, spreek en sê:*

¹⁶Omdat die HERE hierdie volk nie kon inbring in die land wat Hy hulle met 'n eed beloof het nie, het Hy hulle in die woestyn omgebring.”

God het nie geantwoord nie. Dit was asof Hy nie beïndruk was nie. Moses het dus voortgegaan in gebed deur te sê, *“Laat dan nou tog die krag van die HERE groot word, soos U gespreek het deur te sê:*

¹⁸Die HERE is lankmoedig en groot van goedertierenheid, wat die ongeregtigheid en oortreding vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie, wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag.

¹⁹Vergeef tog die ongeregtigheid van hierdie volk na die grootheid van u goedertierenheid, en soos U hierdie volk van Egipte af tot hiertoe vergewe het.”

Hier kon God nie ontken dat Hy lankmoedig was nie. Hy het dit al klaar gesê en dit selfs gewys en Sy volk het Sy guns geniet. Hulle het Hom geken as 'n God wat mense kon verdra, genadig is en Hy het ongeregtigheid vergewe. Moses moes God herinner aan wat Hy van Homself gesê het.

Num. 23:19 ^{“19}God is geen man dat Hy sou lieg nie; of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. **Sou Hý iets sê en dit nie doen nie**, of spreek en dit nie waar maak nie?”

Ps. 89:35-36 ^{“35}**Ek sal my verbond nie ontheilig nie**, en wat oor my lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie.

³⁶Een maal het Ek gesweer by my heiligheid: **Waarlik, Ek sal vir Dawid nie lieg nie!**”

“HERE, HET U VERGEET dat U gesê het dat U lankmoedig is en groot van genade?”

Vergeef hul sondes volgens U Woord!

‘n **Intersessor is God se prokureur** in die Hemelse hofsaal. Hy moet goed onderrig wees in die Woord van God. Hy moet goed onderrig wees in “so spreek die Here”.

Jou gewone argumente sal dalk nie vir God beweeg nie, en normale, natuurlike redes sal Hom dalk nie beïndruk nie, **maar die Woord wat uit Sy mond gekom het, sal Hom beïnvloed** wanneer jy dit aan Hom voordra. God kan nie anders as om daarop te reageer nie, omdat Hy getrou is.

Weet jy dat **‘n saak wat ‘n goeie kans gestaan het, verloor kan word deur ‘n swak advokaat?** Jy weet advokate moet die wet, asook die land se grondwet, van hoek tot kant ken.

Net so moet **die intersessor sy saak goed voorberei** deur homself deeglik te vergewis van die **Hemelse grondwet** (BYBEL).

Dan kan hy met vrymoedigheid na God gaan en sy saak verdedig ten gunste van enige aangeklaagde persoon, of hy kan enige slegte situasie die hoof bied.

Voorbeeld:

Jes. 53:3-6 *“³Hy was verag en deur die mense verlaat, ’n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie ’n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie.*

*⁴Nogtans het Hy **óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra**; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was.*

*⁵Maar Hy is ter wille van **ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel**; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur **sy wonde** het daar vir **ons genesing gekom**.*

*⁶Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die **HERE** het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.”*

Dit kan ons neem en pleit vir iemand se gesondheid.

Neem:

Eks. 15:25 ²⁶...en gesê: As jy **getrou** na die stem van die **HERE** jou **God luister** en **doen wat reg is** in sy oë, en **luister na** sy gebooië en **al sy insettinge hou**, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; want Ek is die **HERE** wat jou gesond maak.”

Nou sê jy, “Here, het U nie gesê dat my liggaam ‘n tempel van die Heilige Gees is nie? En dat hy wie die tempel van God verontreinig, deur U vernietig sal word nie? Het U nie gespreek het gesê dat U U Woord gestuur en en dat U Woord hulle genees het soos in **Psalm 107:20**? Het U nie gesê dat U Jehova Rapha is – die Here wat ons genees in **Eks. 15:26**?

Daarom, Here, volgens U Woord, genees my nou in Jesus Naam!”

Jy het sterk argumente voor die Here gebring, en dit laat satan op die vlug slaan!

Jes. 41:21 ²¹**BRING** julle regsak voor, sê die **HERE**; **bring julle bewysgronde aan**, sê die Koning van Jakob.”

.... vir genesing, verlossing, voorspoed, sekuriteit, voorsiening en wat jou behoeftes ookal is.

Gelowiges wat vooruitgang maak in hul gebedslewens, neem God se Woord ernstig op.

2 Tim. 2:15 ¹⁵Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as ‘n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny.”

Joh. 15:7 ⁷As julle in My bly en **my woorde in julle**, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry.”

Spr. 28:9 ⁹Wie sy oor wegdraai om nie na die wet te luister nie, selfs sy gebed is ‘n gruwel.”

Ps. 1:1-3 “**WELGELUKSALIG** is die man wat nie **wandel** in die raad van die goddelose en nie **staan** op die weg van die sondaars en nie **sit** in die kring van die spotters nie;

²maar **sy behae is in die wet van die HERE**, en hy oordink sy wet dag en nag.

³En hy sal wees soos ‘n **boom** wat geplant is by waterstrome, wat sy **vrugte gee op sy tyd** en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy **voorspoedig** uit.”

**IN JESUS NAAM,
AMEN.**

SLOTSOM:

Wat is gebed?

Gebed is nie 'n geraas nie. Gebed is nie om te kyk hoe hard jy kan skreeu nie. Gebed is nie om te huil nie. Gebed is die Godwaartse **oorvloei van die totale mens**. 'n Man kan nie met sy vrou baklei en dan in die kerk staan en 'n groot geraas maak terwyl hy in tale spreek, en dan sê hy bid nie. Selfs al sou hy die hele nag deurbring in gebed, mors hy sy tyd.



Gebed is die **oorvloei van die totale mens tot God**. Dit sal beteken dat wanneer iemand bid, sy hele persoon so moet wees dat dit aanvaarbaar is vir God. As iemand bid, moet die totaliteit van die mens, gees, siel en liggaam, aanvaarbaar wees vir God, omdat, wanneer ons bid, dit ons hele wese is wat oorstroom na God toe.

Indien 'n mens se algehele wese nie Godwaarts kan vloei nie, kan hy nie bid nie. Indien 'n mens se hele wese: gees, siel en liggaam nie aanvaarbaar is voor God nie, kan hy 'n groot geraas maak, maar dit sal alles verniet wees.

Indien daar sonde is in jou lewe, in watter vorm ookal, behalwe as jy radikaal daarmee afhandel, sal jou gebede niks bereik nie. Dit sal jou mond verlaat, teen die plafon vas boks en terugkom.

Indien jy in misverstand leef met jou broer of suster en jy het dit nie uitgesorteer en versoen nie, sal jou gebede net rondweef.

Indien jy mense ken wat sondig en jy bedek dit, sal jou gebede nêrens heengaan nie. Gebede wat moet opgaan vereis 'n mens wat nie slegs vertikaal reg is nie, maar ook horisontaal. Wanneer 'n mens horisontaal reg is, sal sy gebede vertikaal vloei na die Here.



GEBED:

HERE, LEER MY OM TE BID EN SKRYF MY IN BY U SKOOL VAN GEBED EN INTERSESSIE. MAAK MY RELEVANT TOT U PROGRAM OP AARDE. EK ONDERWERP MYSELF EN MELD AAN AS EEN VAN U GEBEDS-SOLDATE.

Verwysings:

- **Prayers that avail much**
Germaine Copeland
- **Kneeling on the Promises**
Jim Goll
- **Fighting the Battles of Life**
Grace Johnson
- **Victorious Warfare**
Harold Caballeros
- **The Secret of Breakthrough Prayers**
Moses Aransiola
- **Advancing in Prayer**
Moses Aransiola
- **Listen to me, satan!**
Carlos Annacondia
- **Prophetic Role of the Church in our cities**
Debo Daniel